

NG KERK PETRUSBURG

Deur God se genade
'n biddende gemeente,
wat mekaar in liefde dien en
uitreik na die wêreld.



Leraar: Ds. Jaco Thom ☎ 084 523 1157 ✉ jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Skriba: Madette Lombaard ☎ 053 574 0279 ✉ ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom ☎ 084 562 3434 ✉ elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen ☎ 072 499 4262 ✉ annamarie.dercksen@yahoo.com
www.ngkerkpetrusburg.co.za  NG Kerk Petrusburg

10 Julie 2020

Nagmaalsdiens Sondag 12 Julie 2020

Skriflesing: Genesis 12:1-5

Tema: Geloof vra offers

Kollektes, Deurkollekte en Dankoffers

Die Sinode verwag steeds dat die deurkollekte ingesamel word, ons sal ook weekliks vir u herinner vir wie die betrokke Sondag se deurkollekte ingesamel word. U is ook welkom om dan die bankkollekte en Dankoffers asseblief elektronies oor te betaal.

Onthou om asseblief met die oorbetalings verwysings by te sit soos volg:
Dankoffer + Voorletters en Van
Bankkollekte of Deurkollekte.

(Dit is nie nodig om 'n naam by te sit met inbetaling van bankkollekte of deurkollekte nie)

Deuroffers die Sondag 12 Julie – Vennootskappe: Lesotho

Graag wil ons almal bedank vir die maandelikse- en jaarlikse dankoffers wat gereeld oorbetaal word in die kerk se rekening. Ons is baie geseënd en bevoorreg om in dié tyd nog staande te kan bly en ons gemeentelede het 'n groot aandeel hierin.

Ons is so dankbaar dat ons ook 'n paar gesinne kon (en steeds kan) help met 'n bydrae maandeliks om verligting te kan bring. Baie dankie.



Seënwense vir almal wat die komende week verjaar.
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees:

Julie

12 Annemé Terblanche
15 Kobus Hugo
15 Jeanette Olivier
15 **Rien Volschenk (81j)**
17 Willie Olivier
18 Du Toit Odendal
18 Elizne Venter



Ons groet vir Emmie van der Berg, sy trek een van die dae Hermanus toe. Baie dankie vir jou bydrae tot die gemeente en ook die gemeenskap van Petrusburg oor die jare. Ons gaan jou baie mis. Mag jy gou tuis voel daar, geniet elke oomblik!

Gebedsversoeke

Lina Oberholzer het 'n bloedklont in haar been. Bid dat die klont sal oplos en dat sy nie gehospitaliseer hoef te word nie.

Bid vir die personeel en skoliere wat in dié dae weer stuk-stuk terug skool toe moet gaan.

Bid vir die inwoners van Ons Woning wat nou al so lank afgesonder is.

~~~~~  
Laat ons asb. weet van lief en leed sodat ons dit met die gemeente kan deel.

NB: Indien jy weet van iemand wat nie toegang het tot ons digitale uitsending nie, kontak Jaco Thom asb, sodat ons 'n plan kan maak.